



HOËRSKOOI HANS STRIJDOM

DISSIPLINÊRE BELEID

&

**GEDRAGSKODE VIR
LEERDERS & OUIERS**

DISSIPLINÊRE BELEID EN GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL EEN

Die gedragskode kan van tyd tot tyd hersien en onderwerp word aan wysiging. Sodanige wysiging sal op die normale wyse gepubliseer word. Dit bly die verantwoordelikheid van die leerder/ouer om hom/haar te vergewis en op hoogte te bly van sodanige wysigings.

1. INLEIDING

- 1.1 Hierdie gedragskode is opgestel deur die Beheerliggaam na oorleg met die ouers, leerders en opvoeders van die skool met inagneming van die spesifieke bepalings van die Grondwet, Skolewet en Regulasies met betrekking tot dissiplinêre prosedures in verband met wangedrag van leerders.
- 1.2 Enige dispuut rakende die interpretasie van hierdie gedragskode sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van die Beheerliggaam.
- 1.3 Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie gedragskode. Leerders en hul ouers/voogde moet hulle vergewis van die inhoud van die gedragskode en moet hulle verpligtinge ingevolge daarvan nakom.
- 1.4 Hierdie gedragskode geld:
 - 1.4.1 Binne die skool, op die hele skoolterrein, waarby ingesluit is die koshuisterreine;
 - 1.4.2 Buite die skoolterrein met betrekking tot alle skoolaktiwiteite waarby leerders betrokke is, met insluiting van reis na en van die skoolaktiwiteit en wanneer 'n leerder in skool- of sportdrag geklee is wat hom of haar as leerder van die skool identifiseer;
 - 1.4.3 Buite die skoolterrein, indien die leerder in skooldrag geklee is en as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, terwyl die leerder 'n oortreding van die gedragskode begaan wat die beeld van die skool skade berokken; en
 - 1.4.4 in die kuberruimte, enige oortreding van die gedragskode, asook enige gedrag wat die beeld van die skool of departement potensieel of werklik skaad of wat vir die skool of departement 'n verleentheid veroorsaak
- 1.5 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool gedra.
- 1.6 Leerders is verplig om die hoof en personeel te ondersteun in die handhawing van goeie orde asook om 'n omgewing en toestande te vestig en te handhaaf waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd kan geskied.
- 1.7 'n Onderwyser van die skool beskik oor dieselfde bevoegdhede as 'n ouer wat betref die beheer en dissipline van 'n leerder ingevolge hierdie gedragskode.
- 1.8 In geval van 'n redelike vermoede dat 'n leerder hom aan 'n oortreding van hierdie gedragskode skuldig gemaak het, het die hoof en elke onderwyser die bevoegdheid om die persoon van die leerder of die eiendom in sy besit vir enige gevaarlike voorwerp, dwelmmiddels, sterk drank, gesteelde goedere, pornografiese materiaal of eiendom wat kan dien as bewys van die

oortreding van die gedragskode, te deursoek. Sodanige deursoeking vind privaat plaas deur 'n persoon van dieselfde geslag, in die teenwoordigheid van nog 'n personeellid en/of 'n leerder.

1.9 Tensy dit uit die samehang anders blyk, het woorde hierin die volgende betekenis:

"Beheerliggaam"	Die Beheerliggaam van die Hoërskool Hans Strijdom, behoorlik saamgestel kragtens die Skolewet.
"Departement"	Die Provinsiale Departement van Onderwys van die Limpopo Provinsie.
"Dissiplinêre Beampte"	Die persoon wat deur die Beheerliggaam in oorleg met die hoof aangestel word om op te tree as toesighouer in die toepassing van hierdie gedragskode en as aanklaer tydens dissiplinêre verhore.
"Hoof"	Die dienende of waarnemende hoof of sy gedelegeerde vir 'n spesifieke doel.
"Onderwyser"	Enige opvoeder wat by die skool onderrig of wat in 'n dissiplinêre hoedanigheid aangestel is.
"Ouer"	Enige van die volgende persone: <ul style="list-style-type: none">(i) die biologiese of aanneemouer of wettige voog van 'n leerder;(ii) 'n persoon wat regtens geregtig is daarop om bewaring van 'n leerder te neem; of(iii) 'n persoon wat regtens onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in (i) of (ii) vermeld na te kom met verwysing na die onderrig van 'n leerder.
"Personeellid"	'n Persoon wat in diens van die skool is.
"Leerder"	Enige leerder toegelaat en ingeskryf by die skool, manlike en vroulik.
"Skool"	Hoërskool Hans Strijdom
"Skoolaktiwiteite"	Enige amptelike opvoedkundige, kulturele, rekreatiewe, sosiale of sportaktiwiteit by die skool of wat in verband staan met die skool.
"Skoolterrein"	Die hele grondgebied waarop die skool se geboue voorkom, wat insluit die koshuisterreine.

1.10 Die relevante bepalings van die Grondwet, Skolewet en Regulasies met betrekking tot dissiplinêre prosedures in verband met wangedrag van leerders geld in alle gevalle waarin hierdie gedragskode nie pertinente voorskrifte ten aansien van 'n bepaalde feitlike situasie bevat nie.

1.11 Elke leerder wat van oordeel is dat sy regte in enige opsig deur 'n medeleerder geskend is by wyse van 'n oortreding van hierdie gedragskode, asook die ouers van die eersgemelde leerder, is verplig om 'n skriftelike klagte teen die medeleerder wat na bewering die regte geskend het, te lê by sy voogonderwyser, graadhoof of dissiplinêre beampte.

2. AANVANG EN VERDAGING VAN SKOOLDAG EN REGISTERKLAS

- 2.1 Die skooldag neem stiptelik om 07:15 in aanvang. Wanneer die klok lui beweeg die leerders direk na die vierkant en neem hulle plekke in. Almal moet dan stilbly vir opening wat deur die personeel of deur lede van die VRL behartig sal word.
- 2.2 Indien 'n leerder laat is, moet hy/sy by die kantoor aanmeld alvorens hy/sy in die registerklas toegelaat word. Indien die afwesighede reeds ingestuur is, is dit die leerder se plig om dit by die administratiewe dame reg te stel.
- 2.3 Leerlinge verdaag elke dag om 13:45 en op Vrydae om 13:00 tensy anders besluit.
- 2.4 Leerders mag nie voor die personeelkamer verbystap nie. Hulle mag ook nie in die kombuis of personeelkamer inkom nie.
- 2.5 Leerders mag nie die gang voor ontvangs gebruik voor skool of in die middag na verdaging nie.
- 2.6 Openinge vind op Maandae in die saal plaas en elke ander oggend in die vierkant.

3. AFWESIGHEDE

- 3.1 Wanneer 'n leerder weens siekte afwesig was moet die leerder die daaropvolgende skooldag 'n verskoningsbrief van sy/haar ouers/voog by die voogpersoneel inhandig. Afwesighede van langer as DRIE dae aaneenlopend moet met 'n mediese sertifikaat bevestig word. Afwesighede, siektes uitgesonder, moet vooraf gereël word.
- 3.2 Indien leerlinge vir meer as elf(11) dae sonder verskoning afwesig is, kan so 'n leerling eksamen geweier word.

4. VERLOF TYDENS SKOOLURE

- 4.1 Geen leerder mag die terrein sonder die toestemming van die hoof, adjunkhoof, of departementshoof en graadvoog verlaat nie.
- 4.2 Dokters- en tandartsafsprake moet sover moontlik in die middag na skool gemaak word. Afsprake tydens skooltyd lei tot groot ontwrigting.
- 4.3 Indien 'n leerder by die skool siek word, moet hy/sy by ontvangs aanmeld. Afhangende van die aard van die siekte sal die kantoor die nodige hulp verleen en indien nodig die ouers/voog in kennis stel om die leerder te kom haal. Geen medisyne word voorsien nie.
- 4.4 Geen leerder mag laat kom in die klas sonder 'n brief van 'n onderwyser of die kantoor nie.

5. EKSAMEN

- 5.1 Die aflegging van eksamen word in Hoërskool Hans Strijdom as die hoogtepunt van die akademiese jaar beskou.
- 5.2 'n Eksamen atmosfeer en toegewyde studie is 'n voorvereiste.
- 5.3 Onvanpaste optrede sal net soos in die geval van oneerlikheid met erns bejeën word.

- 5.4 Indien 'n leerder tydens die eksamen of toetse afwesig was, moet hy/sy 'n mediese sertifikaat by die graadhoof inhandig. Die leerder word dan afwesig gemerk vir die betrokke vraestel. Die vakonderwyser behou die reg voor vir die afneem van 'n aanvullende vraestel.
- 5.5 Indien 'n leerder sonder verskoning van 'n vraestel afwesig is, ontvang die leerder 0(nul) vir die betrokke vraestel.
- 5.6 Alle eksamenbenodigdhede moet tydens die skryf van 'n vraestel byderhand wees. Niks mag geleen word nie.
- 5.7 Geen leerder verlaat die eksamenlokaal voordat die laaste antwoordstel ingeneem is nie.
- 5.8 Indien 'n leerder oneerlik in die eksamen is, word die leerder se antwoordstel onmiddellik deur die toesighouer ingeneem en word hy/sy van 'n nuwe vraestel voorsien. Die voorval word direk ná afloop van die sessie by die eksamenkommissaris aangemeld.
- 5.9 Indien 'n leerder se voorkoms of drag nie volgens skoolreëls is nie kan sodanige leerling eksamen geweier word of versoek word om hulle voorkoms reg te stel. Geen ekstra tyd sal in sodanige gevalle toegelaat word nie.

6. BUSVERVOER

- 6.1 Wanneer leerders van busvervoer gebruik maak, moet hulle gedrag te alle tye onberispelik wees.
- 6.2 Klagtes vanaf busbestuurders of toesighouers sal in 'n ernstige lig beskou word en dienooreenkomstig hanteer word.
- 6.3 Leerlinge moet in skooldrag/sportdrag of soos anders gereël, geklee wees tydens sport of ander byeenkomste.
- 6.4 Gebare teenoor of konflik met ander motoriste word verbied. Ordelikheid is 'n vereiste en die busse moet skoon en onbeskadig gelaat word.
- 6.5 Dit is etiket om die bestuurder te bedank na afloop van die rit.
- 6.6 Afknouery en teistering van medepassasiers sal nie geduld word nie.

7. KLASREËLS:

- 7.1 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls en opdragte gegee deur die onderwyser of enige personeellid.
- 7.2 Leerders mag nie op enige wyse optree wat die belemmering van die akademiese onderrig in die skool tot gevolg het nie.
- 7.3 Geen leerder mag enige handeling verrig wat tot gevolg het dat 'n onderwyser of ander leerders verontrief of ontwrig word nie. Die reëls ten opsigte van selfone word hierby ingesluit.
- 7.4 Gedrag word as klasontwrigting beskou indien dit die goeie orde in die klas versteur of onmoontlik maak en sluit ook in die gooi van voorwerpe, aanhoudende gesels en skertsery, onnodige rondlopery, uitskree van antwoorde, eet en drink in die klas.

- 7.5 Indien 'n leerder 'n oortreding van die klasreëls begaan, word dit beskou as klasontwrigting en negatiewe punte sal aan die leerder toegeken word.
- 7.6 Leerder moet betyds opdaag vir klas.
- 7.7 Leerders moet op die sitplek sit soos deur die onderwysers bepaal.

8. KLASWISSELING

- 8.1 Die klok dui die einde van 'n periode aan. Dit is 'n aanduiding vir die onderwyser om die klas te verdaag. Leerders verlaat die klas dan ordelik.
- 8.2 Leerders beweeg langs die kortste roete na die volgende klas.
- 8.3 Geen leerder mag tydens klaswisseling staan en gesels nie.
- 8.4 Leerders gaan onmiddellik die lokaal binne en vertraag sodoende nie die verkeer op die stoepe nie.
- 8.5 Geen leerling mag buite die klas wees na klaswisseling sonder die nodige toestemming nie.
- 8.6 Geen leerder mag tydens klaswisseling by sluitkassies vergader nie.

9. POUSES

- 9.1 Indien daar die week detensie tydens pouse is, kry die detensie voorkeur en moet sodanige leerder direk na die detensie beweeg.
- 9.2 Geen leerder word gedurende pouse sonder toesig in die klaskamers toegelaat nie.
- 9.3 Niemand word gedurende pouse by die fietse, motorfietse en motors toegelaat nie.
- 9.4 Hande vashou en liefkosings word nie toegelaat tydens pouse nie. Die 30cm reël geld deurgaans.

10. SAALOPENING

- 10.1 Saalopening geskied Maandae in die saal.
- 10.2 Ordelikheid tydens saalopening is 'n voorvereiste vir die skep van die verlangde atmosfeer tydens opening. Die dra van skoolbaadjies word aangemoedig tydens saalopeninge.

11. KLEREDRAG

- 11.1 Leerders moet te alle tye volgens die voorgeskrewe skooldragbeleid geklee wees.
- 11.2 Geen afwyking word toegelaat nie behalwe met die skriftelike toestemming van die Graadvoog.
- 11.3 Die kleredragregulasies geld ook by alle sport- en kultuurbyeenkomste. By gebrek hieraan kan 'n leerder versoek word om die terrein te verlaat ongeag die implikasies vir sy/haar span.

- 11.4 Slegs Hoërskool Hans Strijdom sweetpakke en/of Hansiedrag mag by byeenkomste waar ander skole betrokke is, gedra word. Indien 'n leerder nie oor sodanige drag beskik nie moet skooldrag gedra word.
- 11.5 'n Provinsiale baadjie of Nasionale baadjie (wat in die Hoërskool verwerf is) mag slegs Vrydae skool toe gedra word.

12. MOTORS, MOTORFIETSE EN FIETSE

- 12.1 Slegs leerders met geldige rybewyse mag hul motors en motorfietse op die aangewese terrein parkeer.
- 12.2 Leerders mag nie langs mekaar op hul fietse ry nie.
- 12.3 Alle motorsleutels moet voor die skool begin by ontvangs ingehandig word. Dit kan weer die middag as die skool verdaag, afgehaal word. L.W. Die koshuisleerlinge het 'n ander reëling.

13. SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE TOERUSTING

- 13.1 Leerders mag selfone in hulle besit hou, maar is verplig om die volgende reëls ten aansien daarvan te volg tydens skoolure:
- 13.1.1 Elke leerder is verantwoordelik vir bewaring van sy eie selfoon en die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir beskadiging of verlies daarvan nie.
- 13.1.2 Selfone moet tydens kontaktyd afgeskakel en buite sig wees. Kontaktyd is enige tyd wanneer 'n persoon in gesprek is met 'n groep of besig is om reëlins te tref met 'n groep. Sluit in klastyd, opening, Bybelonderrig, ens.
- 13.1.3 Geen leerder mag 'n selfoon by hom hê tydens die aflegging van 'n toets of eksamen nie, al is dit afgeskakel. Oortreding sal hanteer word as oneerlikheid of poging daartoe.
- 13.1.4 Geen leerder mag enige opname maak of versprei met 'n selfoon van enige voorval tydens skoolure of skolastiese aktiwiteite nie.
- 13.2 Elektroniese toerusting soos I-Pods, MP3-spelers, PSP of soortgelyke toerusting mag nie tydens skoolure op die skoolterrein gebring word nie.
- 13.3 Indien hierdie reëls oortree word, is enige persoon in 'n gesagsposisie geregtig om die selfoon of elektroniese toerusting by die leerder af te neem en by die kantoor in te handig, waar dit op 'n register geplaas sal word. 'n Leerder kan na twee dae die foon of elektroniese toerusting terugkry.

14. KOSHUISREËLS

- 14.1 Leerders wat koshuisinwoners is, moet die koshuisreëls vir die onderskeie koshuise nakom.

15. VERBOD OP INISIASIEPRAKTYKE

- 15.1 Geen leerder mag enige inisiasiepraktyke teen 'n leerder by die skool of in 'n koshuis bedryf of daaraan deelneem nie.

15.2 By die toepassing van hierdie gedragkode beteken inisiasiepraktyke die volgende:

Enige handeling in die proses van inisiasie, toelating tot, of inlywing by, of as 'n voorwaarde vir voortgesette betrokkenheid by die skool, 'n groep, binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite, sportspan, of aktiwiteit wat -

- 15.2.1 Die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van 'n leerder werklik of potensieel in gevaar stel;
- 15.2.2 Die intrinsieke waarde van 'n leerder ondermyn deur hom as minderwaardig teenoor ander te behandel;
- 15.2.3 'n Leerder onderwerp aan vernederende of geweldsdade wat die grondwetlike waarborg van waardigheid in die Handves van Menseregte ondermyn;
- 15.2.4 Die fundamentele regte en waardes vermeld in die Grondwet, Skolewet en enige ander toepaslike wetgewing ondermyn;
- 15.2.5 Die ontwikkeling van 'n ware demokratiese kultuur, wat aan 'n leerder die reg gee om waardig geag te word en om met respek en sorg behandel te word, ondermyn; of
- 15.2.6 openbare of private eiendom vernietig of beskadig.

15.3 Elke leerder het die absolute reg om nie aan 'n inisiasiepraktyk deel te neem nie.

16. VERBOD OP POLITIEKE AKTIWITEITE

16.1 Geen leerder mag aan enige politieke aktiwiteite tydens skooltyd deelneem nie.

16.2 Politieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot-

- 16.2.1 Veldtogvoering;
- 16.2.2 Die hou van byeenkomste;
- 16.2.3 Die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
- 16.2.4 Die hang of opsit van plakkate en baniere; en
- 16.2.5 Die hou van optogte.

17. SKOOLTERREIN

17.1 Leerders mag nie die skoolterrein of geboue bemors nie.

17.2 Leerders wat as deelnemers, toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit aanwesig is, moet die plek op die terrein wat deur hulle beset word, netjies en skoon agterlaat.

17.3 Geen leerder mag op 'n wyse optree wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders of persone op die skoolterrein veroorsaak nie.

- 17.4 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of waterkrane ooplaat nie.
- 17.5 Geen leerder mag rommel op die skoolterrein strooi of weier om dit op te tel as hy deur personeel of VLR versoek word om dit te doen nie.
- 17.6 Leerders mag slegs op die aangewese gebiede op die skool- en koshuisterrein beweeg en verkeer.

18. ROOK, DWELM- EN DRANKGEBRUIK

- 18.1 Leerders mag nie sigarette of ander tabakprodukte, vuurhoutjies of sigaretaanstekers in hul besit hê nie. Dit sluit ook Vape en elektroniese sigarette in.
- 18.2 Leerders mag nie rook in enige omstandighede waartydens hulle geïdentifiseer kan word as leerders van die skool nie en waar hierdie gedragskode van toepassing is.
- 18.3 Geen leerder mag enige alkoholiese drank of dwelmmiddel besit of gebruik nie, of onder die invloed daarvan wees nie. Leerders mag nie genoemde middels by die skool verkoop, weggee of probeer bekom nie.
- 18.4 Geen leerder mag doelbewus in die teenwoordigheid van persone wat rook of wat drank of dwelmmiddels gebruik, verkeer nie.
- 18.5 Geen leerder mag oortreders van hierdie reël waarsku of beskerm wanneer persone in 'n gesagsposisie hulle nader of gaan betrap nie.

19. ONBEHOORLIKE FISIËSE KONTAK

- 19.1 Geen soenery, drukkerij of vattery tussen leerders word toegelaat nie.
- 19.2 Hierdie reël geld ook vir leerders in skooldrag buite die skoolterrein.

20. OPTREDE TEENOR ONDERWYSERS EN MEDELEERDERS

- 20.1 'n Leerder moet altyd hoflik en met respek teenoor onderwysers en personeellede van die skool optree en alle redelike opdragte van hul gehoorsaam.
- 20.2 Leerders moet met respek teenoor lede van die VLR optree en hul gesag eerbiedig.
- 20.3 'n Leerder mag in die algemeen op geen wyse optree wat 'n nadeel of potensiële nadeel vir 'n ander persoon veroorsaak nie.
- 20.4 Geen vuil, vulgêre, vloek- of skeltaal mag verbaal, per SMS of deur middel van enige elektroniese boodskappe gebruik word nie.
- 20.5 Geen vorm van boelie word geduld nie.

21. SPORT, KULTURELE EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

21.1 DEELNEMERS

- 21.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers aan enige sport- en ander aktiwiteite moet geklee wees in sportdrag of skooldrag tydens deelname aan sodanige aktiwiteit.
- 21.1.2 Alle leerders moet betyds aanmeld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind, of van waar die deelnemers vertrek na die plek van deelname.
- 21.1.3 'n Skriftelike verskoning moet binne 3 dae na afwesigheid van 'n aktiwiteit by die afrigter aangebied word.
- 21.1.4 Deelnemers aan aktiwiteite moet te alle tye hoflik optree en voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die sporthoof, onderwyser of afrigter daarby betrokke, skeidsregter, beoordelaar en spankaptein.
- 21.1.5 Deelnemers moet met selfbeheersing en dissipline optree en mag op geen wyse onsportief optree nie.

21.2 TOESKOUERS EN ONDERSTEUNERS VAN SPORT EN ANDER AKTIWITEITE

- 21.2.1 Alle leerders wat sport en ander aktiwiteite as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike of onbetaamlike gedrag en/of taalgebruik.
- 21.2.2 Leerders wat sodanige aktiwiteite bywoon, sal hulle onderwerp aan enige redelike opdragte en aanwysings van die persone wat oor hul in gesagsposisies aangestel is.

22. EIENDOM

- 22.1 Leerders mag nie nalatig of onverskillig wees met hulle eiendom soos skool- en sportsakke, skoolbaadjies, kontant en selfone nie. Baadjies moet aan die binnekant gemerk word.
- 22.2 Alle leerders moet die eiendom van andere en ook die eiendom van die skool respekteer.
- 22.3 Geen leerder mag die eiendom van 'n ander persoon of die skool doelbewus beskadig nie, wat insluit dat graffiti nie op enige muur, skoolbank of ander plek op die skoolterrein aangebring mag word nie.
- 22.4 Skooleiendom wat aan leerders toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd.
- 22.5 Geen leerder mag enige skooleiendom, afgesien van onderrigmateriaal, van die skoolterrein verwyder sonder toestemming nie.
- 22.6 Leerders mag nie enige eiendom van enige persoon op die skoolterrein, besoekers ingesluit, hanteer, merk, skend of vernietig nie.

23. OORTREDINGS IN DIE ALGEMEEN

- 23.1 Afgesien van die besondere bepalings van hierdie gedragskode, mag geen leerder enige misdaad ingevolge die Suid-Afrikaanse Strafbereg op die skoolterrein of in omstandighede waartydens hierdie gedragskode geld, pleeg nie.
- 23.2 Sonder om afbreuk te doen aan die algemene reël hierbo gestel, mag geen leerder enige gedrag openbaar wat die veiligheid van ander leerders of persone aanwesig op die skoolterrein bedreig of hul regte aantast nie.
- 23.3 Die volgende optrede is verbode vir enige leerder:
- 23.3.1 Besit of gebruik van 'n potensieel gevaarlike wapen, vuurwapen of 'n verbode middel;
 - 23.3.2 Immorele gedrag van enige aard;
 - 23.3.3 Besit van enige onweloweglike of pornografiese materiaal, wat insluit SMS-boodskappe en visuele beelde op selfone en ander elektroniese toerusting. Elke leerder bly ten volle verantwoordelik vir die inhoud op sy/haar selfoon;
 - 23.3.4 Die gebruik van godslasterlike, vloek- of skeltaal teenoor enige persoon. Dit beteken dat rassisme en haatspraak in enige vorm streng verbode is en dat geen belediging met 'n verwysing na ras toegelaat sal word nie;
 - 23.3.5 Seksuele teistering in enige vorm;
 - 23.3.6 'n Geboelie of geterg, viktimisasie, intimidasie, mishandeling of afknouery van 'n medeleerder of ander persoon, insluitend tart en die aanhitsing tot en uitlok van aggressiewe gedrag;
 - 23.3.7 Deelname aan 'n sameswering om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig;
 - 23.3.8 Versuim om te voldoen aan enige strafmaatregel wat weens 'n oortreding opgelê is – bv. detensie;
 - 23.3.9 Versuim om dissiplinêre verrigtinge by te woon, wanneer kennis daarvan ontvang is;
 - 23.3.10 Geen voorwerp van enige aard mag gegooi word nie;
 - 23.3.11 Die aanranding of poging tot aanranding van 'n ander persoon of aanhitsing van 'n ander persoon om iemand aan te rand;
 - 23.3.12 Tydens 'n aanranding of poging tot aanranding optree as toeskouer, en/of foto's of video neem;
 - 23.3.13 Die swem in die skoolswembad buite die normale kurrikulum en sonder toesig van 'n onderwyser;
 - 23.3.14 Enige vorm van boelie of kuber-boelie.

24. VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD ("VLR")

- 24.1 Die VLR dra 'n besondere plig van goeie trou teenoor die skool en sal die hoof en personeel ondersteun in die toepassing van hierdie gedragskode en handhawing van goeie orde soos deur hulle onderneem/belowe is.
- 24.2 Lede van die raad is verplig om te alle tye in alle optrede te dien as voorbeeld vir medeleerders
- 24.3 Die volgende is besondere oortredings vir lede van die raad:
- 24.3.1 Die teenwoordigheid op 'n plek waar 'n oortreding van die Gedragskode deur 'n medeleerder gepleeg word, sonder dat die lid die oortreding teengaan; en
- 24.3.2 die versuim om 'n ernstige oortreding van die gedragskode deur 'n medeleerder aan 'n onderwyser te rapporteer.
- 24.4 Indien 'n VRL-lid 80 of meer negatiewe punte opgelê is gedurende sy/haar ampstermyn, kan hy/sy nadat die lid voor die dissiplinêre komitee verskyn het, permanent /tydelik van sy/haar amp as sodanige lid onthef word.
- 24.5 Indien 'n leerder minder as 50 positiewe punte het, kan hy/sy nie tot die VRL verkies word nie.
- 24.6 'n Leerder in Graad 8-11 met 80 negatiewe punte kom nie in aanmerking vir verkiesing tot VRL-lid nie.

25. VOORKOMS

25.1 DOGTERS

- 25.1.1 Hare moet 'n algemene netjiese indruk skep. Dit behels dat lang hare (hare wat oor die kraag hang) vasgemaak moet word. Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie, anders moet dit teruggebind word. Loshangende hare langs die ore is ontoelaatbaar en moet met voorgeskrewe knippies uit die gesigsveld vasgesteek word. Knippies en rekkies kan meroen, blou, swart, wit of bruin wees. Dun rekbare kopbande, in voorgeskrewe kleure, mag gedra word.
- 25.1.2 Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Geen "highlights" of "gel" word toegelaat nie. Kleursjampoe of enige ander middel wat 'n verandering in haarkleur veroorsaak, is ook ontoelaatbaar.
- 25.1.3 Geen opgebondelde hare word toegelaat nie.
- 25.1.4 Slegs klein silwer of goue ooringetjies of knoppies is toelaatbaar. Slegs een ooringetjie per oor in die oorbel word toegelaat. Dit mag glad nie hoër op in die oor gedra word nie. Wit steentjies so groot soos knoppies is ook toelaatbaar. Pêrel oorbelletjies moet so groot soos 'n vuurhoutjieknoop wees. Hansie oorbelle word toegelaat en kan by die boekwinkel gekoop word.
- 25.1.5 Slegs 'n polshorlosie en/of "Medic alert" armbandjie mag aan die arm gedra word. Geen ringe behalwe 'n seëlring aan die vingers word toegelaat nie.

- 25.1.6 Geen grimering mag saam met skooldrag gedra word nie. Slegs 'n klein bietjie onderlaag, wat onopsigtelik aangewend is, mag skool toe gedra word.
- 25.1.7 Wenkbroue mag nie getint word nie. Geen ekstra juweliersware mag saam met die Hansiedrag gedra word nie.
- 25.1.8 Naels moet skoon en geknip wees. Die lengte van die nael mag nie meer as 3mm wees vanwaar die nael die naelbed verlaat nie. Slegs kleurlose naellak word toegelaat. Geen "tips" of vals naels word toegelaat nie.
- 25.1.9 Truie mag nie om die middel vasgebind word nie.
- 25.1.10 Romplengtes – 15cm vanaf die grond in 'n knielende posisie.
- 25.1.11 Swart dogterskoolskoene word toegelaat. Geen balletskoene.
- 25.1.12 Hemde moet altyd netjies ingesteek wees.
- 25.1.13 Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie. Permanente grimering word ook nie toegelaat nie.

25.2 SEUNS

- 25.2.1 Die tradisionele snit by Afrikaanse hoërskole is dat seuns se hare kort en netjies moet wees. Die skool behou homself die reg voor om te besluit wat kort en netjies is. Oor die algemeen kan dit as volg gestel word: Hare mag nie langer as 'n vingerbreedte bokant die wenkbrou wees as dit vorentoe gekam word nie. Hare moet egter skuins op vanaf die haarlyn gesny word. Hare mag nie sodanig geknip wees dat dit rondom die slape en agterkop dik wegstaan nie. Wanneer hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie. Die bakkebaard mag nie laer as die middel van die oor wees nie en mag nie krul as gevolg van die lengte daarvan nie. Hare mag nie gekleur en gebleik en of gegel word nie. Hare mag nie langer as 3cm wees nie. Hare mag nie regop bo-op die kop gedra word nie.
- 25.2.2 Direk na vakansies moet die hare volgens die reëls wees. Indien dit nie dadelik korrek is nie, moet die hare afgesny word.
- 25.2.3 Swart toeryg skoolskoene. Geen vellies.
- 25.2.4 Seuns moet skoon geskeer wees – geen snor of baard is toelaatbaar nie.
- 25.2.5 Geen armbande, kettings, oorbelle, hangertjies of ringe mag gedra word nie. Slegs polshorlosies en/of "Medic alert" armbandjies is toelaatbaar.
- 25.2.6 Truie mag nie om die middel geknoop word nie.
- 25.2.7 Moue van truie mag nie opgeskuif word nie.
- 25.2.8 Hemde moet altyd ingesteek wees en kouse moet opgetrek wees.
- 25.2.9 Geen klere mag onder gryshemp uitsteek nie.
- 25.2.10 Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.

26. SKOOLDRAG

Beskikbaar by Fabi-winkel.

26.1 DOGTERS: SOMERSDRAG

Blou skooluniform. Broekie moet van dieselfde kleur as die skooluniform wees. "Ski Pant" mag maroen of swart wees. Kort wit kouse moet gedra word. Kouse moet te alle tye omgeslaan wees. Swart skoolskoene. Veterskoene (toeryg) of "Mary Jane" bandjie. Geen "Ballet" tipe skoene of sagte leer tipe skoene nie. By hierdie gespesifiseerde skooldrag mag 'n skoolbaadjie en/of 'n kort/langmou skooltrui gedra word. Selfs 'n sweetpakbaadjie mag gedra word.

26.2 DOGTERS: WINTERSDRAG

Dieselfde skooluniform as vir die somer. Wit dashemp. Dit moet gedra word saam met 'n kort-/langmou skooltrui/sweetpak-of skoolbaadjie tesame met die voorgeskrewe skooldas. Broekie van dieselfde kleur as die skooluniform. Grysw langbroek. Volgens die skool se spesifikasies. Skoolkouse of lang grysw seunskouse. Maroen skooltrui; lang- of kortmou (oortrektrui). Skoolsweetpakbaadjie kan ook gedra word. Skoene soos somersdrag. Maroen skoolkleurbaadjie.

26.3 SEUNS: SOMERSDRAG

Grysw hemp en grysw kort broek. Die korrekte lang grysw kouse. Swart skoolskoene. Slegs veterskoene word toegelaat. Geen vellies. By hierdie gespesifiseerde somersdrag mag die skoolbaadjie of 'n lang/kortmou skooltrui gedra word. Die skool sweetpakbaadjie word ook toegelaat.

26.4 SEUNS: WINTERSDRAG

Wit dashemp/Grysw hemp en grysw langbroek. Grysw skoolkouse en skoene soos vir somersdrag. Blou skooldas. Die dra van 'n das by 'n wit hemp is verpligtend. Maroen skoolkleurbaadjie.

26.5 SPORTDRAG

Sportdrag wat tydens amptelike sportbyeenkomste gedra word, word deur die klerekomitee bepaal. Tans kan die Hansiehemp saam met 'n maroen kortbroek gedra word. Sportskoene (tekkies) kan daarmee saam gedra word. Indien dit koud is, mag 'n sweetpakbaadjie gedra word.

26.6 KLEREDRAG VIR TOERE OF FUNKSIES

26.6.1 Die aard van die toer of funksie sal die drag bepaal. Dit sal vooraf aangekondig word. Die sporthoof, kultuurhoof en klerekomitee moet geraadpleeg word.

26.6.2 By amptelike geleenthede is die kleredrag gewoonlik A-drag.

26.6.3 Eerstespanne word toegelaat om hul drag vir die jaar op Vrydae voor 'n wedstyd skool toe te dra. Hierdie drag moet in samewerking met die klerekomitee bepaal word. Toeskouers by sportgeleenthede en amptelike skoolaangeleenthede dra skooldrag.

DEEL TWEE

1. STRAFMAATREËLS

1.1 ALGEMEEN

Toepaslike strafmaatreëls word aangewend met inagneming van die belange van die individuele leerder, die aard en erns van die wangedrag, die belange van die gemeenskap in die algemeen en die skoolgemeenskap in die besonder, teen die agtergrond van die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by die skool, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van die leerders en opvoeders by die skool en die beskerming en die bevordering van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers by die skool.

1.2 TIPES STRAF WAT OPGELÊ KAN WORD IN GEVAL VAN WANGEDRAG

Die volgende tipes straf of kombinasies daarvan kan opgelê word in geval dit bevind word dat 'n leerder wangedrag geopenbaar het:

- 1.2.1 Indien daar 'n oortreding is, word dit deur die betrokke personeellid op die nodige vorm ingevul. Negatiewe punte word aan 'n sekere oortreding gekoppel;
- 1.2.2 Met 50 negatiewe punte sit die leerder EEN detensie. Met 100 negatiewe punte sit die leerder TWEE detensies. Met 150 negatiewe punte verskyn hy/sy voor die interne dissiplinêre komitee. Moontlike skorsing, hetsy tydelik of permanent. DRIE detensies word aanbeveel. Indien 'n oortreding meer as twee keer begaan word, word die volgende soortgelyke oortreding beskou as 'n P5 en kan nie deur enige positiewe punte gekanselleer word nie;
- 1.2.3 Ontneming van voorregte, insluitende die voorreg om aan skoolaktiwiteite deel te neem;
- 1.2.4 Afdanking of skorsing as lid van die VLR of vanuit 'n ander leiersposisie, asook 'n aanbeveling dat die leerder nie 'n geskikte en gepaste persoon is om oorweeg te word vir verkiesing as lid van die VLR of enige leiersposisie nie;
- 1.2.5 Bywoning van berading of 'n program van behandeling soos bepaal tydens die dissiplinêre verhoor;
- 1.2.5 Skorsing uit die skool vir 'n tydperk van 7 dae of soos bepaal tydens die dissiplinêre verhoor;
- 1.2.6 Aanbeveling van uitsetting uit die skool aan die Departement met 'n 14 dae skorsing hangend die bevinding van die Onderwyshoof;

1.3 VOORKOMENDE SKORSING

Die Beheerliggaam kan, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël op aanbeveling van die Dissiplinêre Beampte 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, skors van bywoning van die skool nadat 'n redelike geleentheid aan die leerder gebied is om verhoër in verband met sodanige skorsing te rig.

DEEL DRIE

DISSIPLINÊRE PROSEDURE VAN TOEPASSING OP ONDERSOEK EN VERHOOR VAN BEWEERDE WANGEDRAG

1. INLEIDING

- 1.1 'n Leerder het die reg om volledig in kennis gestel te word van die bewering dat hy 'n oortreding begaan het.
- 1.2 Volle geleentheid word aan 'n leerder gebied om sy weergawe van die gebeure te stel.
- 1.3 Elke leerder word geag onskuldig te wees aan die oortreding totdat hy skuld beken het of skuldig bevind word na verhoor.
- 1.4 Aan elke oortreding in hierdie gedragskode word 'n punt toegeken na aanleiding van die erns daarvan. Ongeag hierdie punt, kan enige oortreding verwys word vir verhoor deur die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam ("Dissiplinêre Komitee").
- 1.5 Die volgende reëls geld ten opsigte van die toekenning van punte:
 - 1.5.1 Elke leerder begin 'n nuwe skooljaar met 'n skoon dissiplinêre rekord.
 - 1.5.2 Punte word toegeken soos uiteengesit op die negatiewe puntevorm.
 - 1.5.3 Die leerder dien so gou doenlik sy straf uit. Indien 'n oortreding meer as twee keer begaan word, word die volgende soortgelyke oortreding beskou as 'n P5 en nie deur positiewe punte gekanselleer nie.
 - 1.5.4 Herhaaldelike oortreding word beskou as ernstige wangedrag en mag lei tot skorsing.
 - 1.5.5 'n Leerder wat 50 negatiewe punte versamel het, moet 'n week lank elke pouse in die skoolsaal detensie sit. Indien 'n pouse gemis word, kry die leerder 'n dag by.
 - 1.5.6 Indien 'n leerder 150 negatiewe punte het, word die leerder verhoor deur die Beheerliggaam van die skool.
 - 1.5.7 Die skool stuur aan die ouers van die leerder aan wie negatiewe punte toegeken is, 'n opsomming van die leerder se negatiewe punte ten einde die ouers in te lig van die toekenning van negatiewe punte.
 - 1.5.8 Leerders ontvang ook positiewe punte want negatiewe punte kan kanselleer, behalwe 'n P5 oortreding kan nie gekanselleer word nie.
 - 1.5.9 Leerders ontvang ook ure wanneer hulle na skool vir die skool gewerk het (Hulpverlening). Leerders wat aan enige sport of kultuuraktiwiteite deelgeneem het ontvang na die seisoen/aktiwiteit 7 ure en 50 positiewe punte.

2. PROSEDURE BY MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS

- 2.1 Die begrip "minder ernstige oortredings" verwys na daardie oortredings ten aansien waarvan negatiewe punte summier toegeken word en waar geen verhoor plaasvind nie.
- 2.2 Waar die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van 'n onderwyser plaasvind of by 'n onderwyser aangemeld word, besluit die onderwyser of dit 'n geval is waarin summier punte toegeken moet word en of die beweerde oortreding vir verdere ondersoek verwys moet word.
- 2.3 Besonderhede van die beweerde oortreding word aan die betrokke leerder gestel en hy moet dan sy weergawe stel.
- 2.4 Die onderwyser bepaal of die leerder skuldig is aan 'n oortreding van hierdie gedragskode (sonder ondersoek) en die leerder word ingelig welke punte toegeken word, indien enige.
- 2.5 Indien die onderwyser van oordeel is dat 'n oortreding so ernstig is dat negatiewe punte nie summier toegeken kan word nie, verwys hy die saak vir ondersoek na die Graadvoog.
- 2.6 Die dissiplinêre beampte ondersoek elke saak wat na hom verwys word volledig en verkry skriftelike verslae van alle moontlike getuies. Indien daar *prima facie* getuienis is van 'n oortreding van hierdie gedragskode, word die toepaslike negatiewe punte toegeken en waar nodig verwys na die dissiplinêre komitee.
- 2.7 Die dissiplinêre beampte tree in oorleg met die graadhoof van die groep waarbinne die bepaalde leerder val, op as koördineerder in die hele proses en behartig alle navrae en sien toe dat dit glad verloop. 'n Leerder het 2 dae tyd om by die dissiplinêre beampte appèl aan te teken teen negatiewe punte. Indien die strafpunte gehandhaaf word, word 'n kort verslag op die agterkant van die strafbrief geskryf en kan die punte nie later weer betwis word nie.

3. VERHOORPROSEDURE IN GEVAL ERNSTIGE WANGEDRAG

- 3.1 Die dissiplinêre beampte verwys 'n leerder vir verhoor deur die dissiplinêre komitee indien:
 - 3.1.1 Die leerder in 'n bepaalde skooljaar 150 negatiewe punte versamel het; of
 - 3.1.2 Die beweerde oortreding 'n dissiplinêre verhoor regverdig.
- 3.2 Die beheerliggaam stel 'n dissiplinêre komitee aan om die klagte van ernstige wangedrag aan te hoor.
- 3.3 Die dissiplinêre komitee bestaan uit 'n minimum van drie lede van die Beheerliggaam en ten minste een persoon wat aangewys word.
- 3.4 Die hoof en enige leerder mag nie lede van die dissiplinêre komitee wees nie.
- 3.5 'n Leerder wat aangekla word van ernstige wangedrag ontvang skriftelike kennis van die verhoor, nie minder nie as 5 skooldae.
- 3.6 Die kennisgewing vermeld in paragraaf 3.5 moet die volgende inligting bevat:
 - 3.6.1 Voldoende besonderhede rakende die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag, ten einde die leerder in staat te stel om te reageer daarop;

- 3.6.2 Die datum, tyd en plek van die verhoor; en
- 3.6.3 dat hy die reg het om homself te verteenwoordig en dat hy ook deur sy ouers of 'n praktiserende prokureur of advokaat bygestaan kan word.
- 3.7 Kennis van die dissiplinêre verhoor word ook aan die leerder se ouers gegee, welke skriftelik ontvangs van die kennisgewing sal erken. Indien dit nie moontlik is om sodanig kennis te gee nie, teken die dissiplinêre beampte dit aan op die kennisgewing en handig dit in by die Voorsitter van die dissiplinêre komitee tydens die verhoor.
- 3.8 Indien die leerder of sy ouers besluit om 'n regsverteenwoordiger aan te stel ten einde die leerder by te staan tydens die verhoor, is die leerder of sy ouers verplig om die dissiplinêre beampte van hierdie feit in kennis te stel en om die kontakbesonderhede van die regsverteenwoordiger aan die dissiplinêre beampte bekend te maak.
- 3.9 Die Skool is geregtig om 'n kundige persoon aan te stel as aanklaer tydens die verrigtinge indien 'n regsverteenwoordiger vir die leerder verskyn. In alle ander gevalle tree die dissiplinêre beampte op as aanklaer.
- 3.10 Die dissiplinêre beampte is in alle gevalle geregtig om die advies van 'n onafhanklike kundige persoon in te win ten einde hom in die posisie te stel om die dissiplinêre proses vlot te laat verloop.
- 3.11 Die dissiplinêre verhoor mag slegs voortgaan in die afwesigheid van die leerder se ouers indien daar 'n voldoende rede vir hul afwesigheid op rekord geplaas word.
- 3.12 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet by die aanvang daarvan by die leerder vasstel of hy die dienste van 'n tolk benodig en dieselfde reël geld ten aansien van enige getuies tydens die verhoor.
- 3.13 Die verhoorprosedure verloop soos volg:
- 3.13.1 Die aanklaer stel die klagte aan die leerder;
- 3.13.2 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee vra die leerder of hy skuld op die klagte erken of ontken en indien die leerder weier om sy pleit op die klagte aan te dui, word dit geag dat hy onskuldig pleit op die klagte.
- 3.13.3 Indien die leerder skuldig pleit op die klagte, moet die komitee die leerder ondervra oor die klagte ten einde tot bevrediging van die komitee te bepaal of die leerder inderdaad skuldig is op die aanklag.
- 3.13.4 Indien die leerder onskuldig pleit op die klagte:-
- 3.13.4.1 Mag die aanklaer getuies roep, wat sal bevestig dat hulle die waarheid praat en enige ander addisionele getuies aanbied ten aansien van die bewerings teen die leerder.
- 3.13.4.2 Die leerder, sy ouers of sy verteenwoordiger mag getuies ondervra en die getuienis wat aangebied word deur die aanklaer, ondersoek.

- 3.13.4.3 Nadat al die getuienis teen die leerder aangehoor is, kan die leerder, sy ouers of sy regsverteenwoordiger getuies roep en ander getuienis aanbied ter ontkenning van die aanklag.
- 3.13.4.4 Die aanklaer mag enige getuies wat namens die leerder getuig ondervra en getuienis ondersoek wat deur die leerder aangebied word.
- 3.13.4.5 Die dissiplinêre komitee mag te enige tyd enige getuie ondervra en getuienis wat aangebied word, ondersoek.
- 3.13.4.6 Nadat al die getuienis aangebied is, mag die aanklaer en die leerder en sy ouers of verteenwoordiger die dissiplinêre komitee toespreek indien hulle sou verkies om dit te doen.
- 3.13.4.7 Die dissiplinêre komitee moet dan die verhoor verdaag ten einde te bepaal of die leerder skuldig of onskuldig bevind moet word op die klagte, met die voorbehoud dat die bevinding so gou doenlik en nie later nie as 48 uur daarna bekend gemaak moet word.
- 3.13.4.8 Indien die leerder onskuldig bevind word op die klagte, moet die dissiplinêre komitee, indien die leerder dit versoek, die bevinding in die skool publiseer.
- 3.13.4.9 Indien die leerder skuldig bevind word op die klagte, kan die dissiplinêre beampte en die leerder getuienis of argumente aanbied rakende die leerder se persoonlike omstandighede, sy gedragsrekord by die skool, die aard en erns van die oortreding ter sprake, die belange van die skoolgemeenskap en van die Departement, ter versagting of verswaring van die straf wat die dissiplinêre komitee mag oplê.
- 3.13.4.10 Die leerder word persoonlik deur die komitee in kennis gestel van die beslissing en straf en indien die leerder dit verkies, geskied sodanige kennisgewing skriftelik.

3.14 Die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee geskied altyd *in camera*.

3.15 Indien 'n leerder na behoorlike kennisgewing en sonder 'n geldige rede versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, gaan die verhoor in sy afwesigheid voort.

4. ERNSTIGE WANGEDRAG

Vir doeleindes van die toepassing van hierdie gedragskode, word die volgende gedrag as ernstige wangedrag beskou wat tot permanente skorsing kan lei:

4.1 Die versuim om te voldoen aan 'n strafmaatreël opgelê ingevolge hierdie gedragskode bv. verpligte detensie.

4.2 Die vervalsing van enige dokument of handtekening tot die potensiële of werklike nadeel van die skool.

- 4.3 Die omkoper van enige persoon of poging daartoe ten aansien van enige toets of eksamen, om aan 'n leerder of 'n medeleerder 'n onbehoorlike voordeel te laat toekom.
- 4.4 Onerlikheid tydens 'n toets of eksamen.
- 4.5 Bedrog.
- 4.6 Diefstal of 'n ander oneerlike handeling tot nadeel van 'n ander persoon.
- 4.7 Besit, gebruik van of handel in enige onwettige of bedwelmende middel.
- 4.8 Besit van enige gevaarlike wapen.
- 4.9 Aanranding met die opset om ernstig te beseer.
- 4.10 Die aanhou van enige persoon as gyselaar.
- 4.11 Moord.
- 4.12 Verkragting of seksuele teistering.
- 4.13 Kwaadwillige beskadiging van 'n ander se eiendom.
- 4.14 Onderbreking of aansporing tot onderbreking van die behoorlike funksionering van die skool deur onwettige kollektiewe optrede.
- 4.15 Rassediskriminasie in enige vorm.
- 4.16 Skuldigbevinding aan enige strafregtelike oortreding en die vonnis tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; en
- 4.17 Enige wangedrag wat nie spesifiek in hierdie paragraaf vermeld word nie, maar wat wel wangedrag is in gevolg hierdie gedragskode en ten aansien waarvan die leerder in die voorafgaande twaalf maande twee keer skuldig bevind is.
- 4.18 Enige vorm van teistering, bullebakery of kuber-bullebakery.
- 4.19 Herhaaldelike oortredings van die gedragskode.
- 4.20 Enige onbetaamlike liefkosing (vryery) gedurende skooldag of enige skoolaktiwiteit of enige ander plek of tyd terwyl hy/sy in skooldrag is (sluit sportdrag in).

5. REG TOT APPÈL EN PROSEDURE DAARVOOR

- 5.1 'n Leerder en sy ouers is geregtig om appèl aan te teken teen die bevinding en vonnis van die dissiplinêre komitee.
- 5.2 Sodanige appèl word skriftelik aangeteken by die hoof binne 2 dae nadat daar op 'n straf besluit is.
- 5.3 Die bevinding en straf word opgeskort hangende appèl.

- 5.4 'n Appèl teen 'n bevinding en vonnis van 'n komitee van die Beheerliggaam word aangehoor deur 'n appèlkomitee wat bestaan uit 3 lede van die Beheerliggaam. Geeneen van die lede van die appèlkomitee mag betrokke gewees het by die aanvanklike verhoor waaruit die appèl voorspruit nie. Appèl mag van die hand gewys word.
- 5.5 Die appèlkomitee oorweeg die appèl met verwysing na die rekord van die verrigtinge, tensy daar nuwe getuienis beskikbaar word, wat dan oorweeg sal word.
- 5.6 Die appèlkomitee is geregtig om die ondersoek na die voorval wat aanleiding gegee het tot die aanklag te laat heropen indien dit na die oordeel daarvan nodig is en om verdere getuienis wat nodig is vir die regverdigde beregting van die aanklag in te win.
- 5.7 Die appèlkomitee maak opnuut 'n bevinding ten aansien van die meriete en is geregtig om 'n alternatiewe straf as dié straf wat aanvanklik opgelê is, op te lê.
- 5.8 Die voorsitter van die appèlkomitee hou notule van die verrigtinge op die wyse wat hy goed vind.
- 5.9 Die leerder het tydens enige appèlprosedure dieselfde regte ten opsigte van verteenwoordiging as wat hy tydens die aanvanklike verhoor gehad het.
- 5.10 Die beslissing van enige appèlkomitee is finaal.

GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

1. ALGEMENE BELEID

Die deelname aan skoolsport is primêr opvoedkundig van aard.

2. DOEL VAN SKOOLSPORT

Om deelname aan te moedig en om leerders toe te rus met sportmanskap, selfdisipline, selfbeheersing en deursettingsvermoë.

3. VEREENSELWIGING MET HANS STRIJDOM

- 3.1 Ouers en toeskouers moet hulself as verteenwoordigers van die skool sien wanneer hul wedstryde bywoon of hul kinders ondersteun.
- 3.2 U word aangemoedig om die span waarin u kind speel te ondersteun, asook soveel as moontlik van die ander skoolspanne.

4. GEDRAG TYDENS WEDSTRYDE

- 4.1 Positiewe ondersteuning word op prys gestel.
- 4.2 Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te weerhou van negatiewe opmerkings of ongehoorde taalgebruik teenoor skeidsregters, ander beamptes, spelers of ondersteuners van die opposisie.

- 4.3 Ouers en ondersteuners word versoek om die nodige afstand vanaf die kantlyne te handhaaf en nie binne die speelveld of afgemerkte areas te gaan nie. Tydens krieketwedstryde moet toeskouers nie agter die bouler se rug sit of beweeg nie. Tydens hokkiewedstryde moet toeskouers nie teen die doelhok sit of agter die doellyn beweeg nie
- 4.4 Ouers en ondersteuners word versoek om nie op en af langs die veld te stap terwyl 'n wedstryd aan die gang is nie.
- 4.5 Ouers en toeskouers word versoek om, waar van toepassing, nie binne die tegniese area te kom nie.
- 4.6 Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te hou by die reëls wat vir elke wedstryd of toernooi van toepassing is.
- 4.7 Ouers en ondersteuners moet die nodige verdraagsaamheid en respek teenoor medetoeskouers en opposisie betoon.
- 4.8 Ouers en ondersteuners moet so optree dat hulle altyd die skool se beeld na buite sal uitdra en niks doen wat dit skade kan aandoen nie.

5. BESERINGS

Ouers en toeskouers word versoek om nie op die veld te gaan wanneer 'n speler 'n besering opdoen nie. Indien die afrigter / bestuurder of noodhulppersoneel dit nodig ag, sal die betrokke ouers nader geroep word.

6. SPANKEUSE

U word versoek om nie in te meng met die afrigter se spankeuse nie. Wenke wat met die regte gesindheid bedoel word, kan wel op die regte tydstip aan afrigters oorgedra word.

7. KOMMUNIKASIEKANALE

Ouers en ondersteuners kan enige navrae of probleme met die sporthoof of skoolhoof opneem. Probleme kan ook met die betrokke afrigter bespreek word, maar nie langs die veld nie.



HOËRSKOOL HANS STRIJDOM AANMELDING VAN OORTREDING

Van:	Voorletters:	Klas:
------	--------------	-------

AANMELDER: (Drukskrif) _____ **HANDTEKENING** _____ **DATUM** _____

Leerder * aanvaar/aanvaar nie aanmelding nie. Handtekening leerder: _____

Leerder: Rede _____

Onderwyser: Kommentaar _____

Graadvoog: Kommentaar _____ **Handtekening:** _____

NEGATIEWE PUNTE

GEDRAG	PUNT	X	GEDRAG	PUNT	X
KLASKAMER / SKOOL – P1			OORTREDINGS WAT NIE DEUR MERIETEPUNT BEÏNVLOED WORD NIE – P5		
Laat vir skool sonder rede(3 keer)	40		Bank klas	50	
Ontwrig klas	30		Stokkiesdraai	80	
Vertel leuens	30		Verlaat skool sonder verlof	60	
Vuil taal- gesproke of geskrewe	30		In besit van sigarette of rookgoed	80	
Taalgebruik buiten Afrikaans of Engels	50		Nie geskeer nie (2de keer)	50	
Ongemagtigde gebruik van digitale/elektroniese media	50		Seuns hare te lank of vreemde haarstyl(2 de keer)	50	
OPDRAGTE – P2			Kleur van hare	50	
Ignoreer opdragte	20		Rook self of in die teenwoordigheid van rokers	100	
Huiswerk nie gedoen nie	20		Nie amptelike kleredrag (Sport: deelname aan sport of toeskouer by sportbyeenkomste)	50	
Huiswerk nie volledig gedoen nie	20		Teistering van onderwyser/es	100	
Versuim om toets/eksamen te laat teken	10		Afwesig van buitemuurse verpligting sonder verskoning	100	
Leen huiswerk uit vir afskryf/skryf huiswerk af.	50		Vandalisme sluit in krap, skryf/teken op banke, mure, teëls aanbring van enige graffiti.	100	
Handboek, skrif nie by skool nie	20		Wangedrag in eksamen/toetslokaal	60	
Afwesigheid van geskeduleerde detensie	50		Bestuur voertuig op skoolterrein: a. Sonder lisensie b. Roekeloos en nalatige bestuur	60 50	
OPTREDE / VIKTIMISASIE – P3			Uittarting van gesag	60	
Steek ander se eiendom weg	30		Raak handgemeen (baklei)	50	
Spoeg 'n ander person	40		Seksuele voorstelle	60	
Aanhitser by bakleiry	40		Ooneerlikheid: Eksamen/ Toets	100	
Gooi van gevaarlike voorwerpe	20		Vervals handtekening/Gebruik van vervalste brief	60	
Teenwoordig op verbode terrein/e	30		Diefstal	150	
VOORKOMS NIE REG NIE – P4			Veroorsaak doelbewuste besering	50	
Naels te lank	20		Dobbel in enige vorm op die skoolterrein	100	
Nie geskeer nie (1ste keer)	20		Skiet van klappers	60	
Dra verkeerde juwele / Grimering	30		Ongemagtigde gebruik van selfoon (selfoon word gekonfiskeer vir 2 skooldae)	50	
Hare nie volgens skoolreëls nie	30		In besit en of gebruik van: dwelms of gevaarlike wapens of pornografie of alkohol.	150	
Skooldrag / Voorkoms nie volgens skoolreëls	40		Boelie / intimidasie hetsy verbaal, fisies, emosioneel of op sosiale media	100	
Dra van hoed/pet saam met skool/sportdrag (behalwe Hansiepet)	40		Kriminele oortreding (skuldig) hetsy gemeenregtelik of statute bv. Handel in dwelms, seksuele teistering onsedelike optrede, afpersing, aanranding met die doel om ernstig te beseer.	150	
Dra van verkeerde skoene saam met skoolklere (vellies / tekkies / sandale)	40		Enige handeling, hetsy binne of buite skoolverband, wat die goeie naam van die skool in gedrang bring.	150	
Tatoeëring aan enige deel van die lyf. Sigbaar tydens skoolgeleenthede	50		Wangebruik van sosiale media deur Whatsapp, Instagram, Facebook, Twitter ens,	150	
Die dra van tong-, lip- of neusringe en/of die dra van meer as die toelaatbare hoeveelheid oorbeltjies (meer as een per oor)	50				